

25 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:4-17

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9-10

Die Here gee aan jou 'n uitsoekplek en 'n unieke opdrag in hierdie wêreld

Die vraag na die sin van die lewe is iets waarmee baie mense worstel. Die eerste lesers van hierdie brief het ook daarmee geworstel. Petrus skryf nou aan hulle en aan jou as gelowige dat die lewe wel sin en betekenis het. Al woon en werk jy nog as vreemdeling in hierdie sondige en gebroke wêreld, het die Here aan jou 'n uitsoekplek gegee en wil Hy jou ook op 'n besondere wyse gebruik. Hy sê: "Julle is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God..." (2:9). Vroeër was hierdie woorde slegs op die volk Israel van toepassing. Hulle was God se uitverkore volk, sy verbondsvolk en sy eiendomsvolk. Nou het Hy vir Hom 'n nuwe volk verkies. Dit is nie net meer Israel of 'n ander volk nie, maar wel ál die gelowiges uit alle volke, nasies en tale.

Die Here het jou met 'n doel sy eiendomsvolk gemaak. Hy het sy eie Seun prysgegee, tot in die dood toe, om jou uit die duisternis van die sonde en die dood te verlos en jou sy kind te maak en jou op te neem in sy volk. Daarom moet jy uitgaan en gaan vertel en ook wys wat die Here aan jou gedoen het. Dit gaan aan jou lewe hier op aarde sin en betekenis gee.

Ds C Kruger (Nelspruit)